Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
www.dubaigemeente.com

Jaargang 3 Uitgawe 82

Meer en meer soos Jesus

Praat geloof se soort taal

Moenie moed opgee as jy voel jy is die enigste Christen in jou eie omgewing nie. God is regtig ook daar. Kyk mooi, die hele wêreld is steeds sy grondgebied, al wapper vreemde vlae miskien in jou omgewing. Juis hier moet jy verlore veld vir Hom terugwen. Ja jy en jy alleen moet dit doen! Jy is God se kosbare eiendom, sy aanvalsmag van een, sy spesiale grondgebied. Netsoos wat 'n Daniël van ouds se drie vriende geweier het om God se grond aan die vyand af te staan, netso moet jy ook vandag nee sê as die vyand dreig om nog grond van God te kom steel. Hulle het reguit vir Nebukadnesar gesê het dat hulle nie voor 'n afgod sal buig nie, al word hulle in 'n brandende oond gegooi. Hulle het baie goed geweet dat God die mag het om hulle in die vuur te bewaar. Maar selfs al sou Hy hulle nie uit die vuur red nie, dan sou hulle nogtans nie buig en hulle geloof opoffer nie (Daniël 3:16-18). Doen asseblief dieselfde. Dien God dag en nag. Doen dit op elke plek, orals en altyd.

Wees aan diens,. Wees 'n geloofsheld ook al voel jy soos 'n geloof-swakkeling. Dit gaan in elk geval nie oor jou eie gevoelens nie, maar oor jou gehoorsaamheid. Dit gaan nie oor die vraag of jyself bang en bevrees is nie, maar of jy, ten spyte van jou vrees, steeds getrou aan God leef. Dit gaan oor die vraag of jy jou pos volstaan vir die Here, afgesien van jou gevoelens, kleingeloof, of wat nog alles!

God gebruik nooit groot massas mense om die wêreld in 'n beter plek te verander nie. Gaan blaai gerus 'n bietjie rond in die Bybel, dan sien jy dat Hy nooit 'n reuse weermag nodig gehad het om goeie oorwinnings te verseker nie. Nee, deur die toedoen van net een man soos 'n Noag of 'n Daniël het God telkens die ganse wêreld gered. God het elke slag 'n splinternuwe koers met die mensdom aangedurf deur 'n handjievol. Wees jy nou deel van daardie groepie. Moenie wegvlug na velige hawens toe nie. Wees op die oop see. Daar kan jy regtig 'n verskil maak in die Here se Naam. Daar waar jy jouself bevind kan jy 'n splinternuwe geloofsheld word.

50 Dae Gebed om Herlewing vir UAE: 'n Sterk fokus vir die jaar 2009 is om veral die duisende Suid Afrikaners in die UAE te bereik met die evangelie boodskap. Ons begin op Vrydag 28 November 2008 en eindig op 16 Januarie 2009.

40 Dae van Gemeenskap: Dit word opgevolg met 'n 40 Dae van Gemeenskap wat 'n kragtige manier is waarop ons ander kan bereik met die Evangelie, self ook geestelik kan groei en God se Naam verheerlik.

Driejarige Gemeente Viering

Ons 40 Dae tydperk eindig met 'n Vieringsnaweek op 27 Februarie 2009. Dit val saam met die viering van ons gemeente se driejarige bestaan . Ons gaan 'n massasaamtrek hê waartydens al die bedieningspunte een gesamentlike diens om 10:00 sal hê . Daarna geniet ons 'n heerlike spitbraai en kuier ons saam totdat ons klaar is. Op hierdie stadium is die Sharjah bedieningspunt uitnemend geskik daarvoor. Ons het 'n groot saal wat almal sal kan huisves, swemgeriewe, klim en klouter aparaat vir die kinders en 'n baie geskikte kuierplek.

Kerspakkie Projek vir die Arbeiderskampe.

Ons gemeente neem elke jaar deel aan die kerspakkie projek vir die Labour Camp se arbeiders. Ons vra elkeen om asseblief die inligtingsblaadjie by die deure te neem. Daarop kan jy sien hoe elke pakkie opgemaak moet word en wat die inhoudelike moet wees. Die datum waarop alle pakkies afgegee moet word is 12 Desember 2008. Pakkies word kerktoe gebring . Persone verantwoordelik vir pakkies se ontvangs is Johan by Jebel Ali, Rulene by Sharjah, Gert by Abu Dhabi en Al Ain.

Kersdiens op 25 Desember 2008 om 08:00 . Daar word slegs een diesn gehou op Kersdag: in die **Christ Church se hoofsaal op die grondvlak.** Ons versoek dat almal asb betyds sal kom aangesien ons alreeds 09:00 klaar moet wees vir die volgende groep wat om 10:00 begin. Dit is 'n vergunnig van die kant van Christ Church omdat ons verlede jaar so vol was. Ons versoek dus dat ons op die uur sal begin sodat ons reeds om 08:15 kan ontruim en by 08:20 op die laatste uit wees. Dis ook 'n toets met die oog op die toekoms indien ons na 'n grote lokaal toe moet skuif.

Afrikaanse Gemeente UAE

SELGROEP-BEDIENING en BIDURE

Sondagaaand

- Aan huis van **Calvyn en Manda Hamman in Um Suqeim.** Dit is in 26E Street, No. 129, Al Safa Village 3. Kontaknommer is 04 - 342 0802. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Jan-Louis en Obri Oosthuizen Springs12**. Dit is in Straat 1, Villa no 43. Kontaknommer is 04 361 4298. tyd is 19:00.

Mirdif

- Aan huis van **Leon en Helmien** Straat 87c Villa no 4, Leon 50-4568475 en Helmien 050-4568478. Tyd is 19:00

Maandagaand

- Aan huis van **Nicky** in die **Gardens 13**, onderste vloer no 6 Kontaknommer Nicky 050 467 3122. Tyd is 19:30
- Nog 'n **Springs groep** is by **Basie . Hulle vergader** om die beurt by verskillende huise. Dis 'n jonger groep en kontak besonderhede is as volg. Basie 0502533196

Mirdif

- Aan huis van **Riaan en Petro**. Kontakbesonderhede, **Straat 83, Villa 5, Mirdif**. Riaan 050-6401082 en Petro 050-050-4359406

Abu Dhabi

- Kontak **Leon Misselhorn,** indien u wil inskakel of mense verwys op 050 674 9133. Tyd is 19:00

Dinsdagaand

- Aan huis van **Piet en Carlien Vorster** in **Al Quasais** in die Fatima Ebrahim gebou nr 108. (Pienk gebou) regoor die Emirates College naby die Dubai Womens College en ook die Diyafa School. Daar is nie 'n naam op die gebou nie. Kontaknommer is 050 5989351

Al Ain

- By Oasis op Dinsdae aande vanaf 18H30. Dit is 'n groep vir ouers met kinders. Kontak Danie Esterhuyse 050 6162240

Woensdagaand

Al Ain

- Kontak **Erich Ipland,** indien u wil inskakel of mense verwys, sy kontaknommer is op 050 812 3016. Tyd is 19: 30
- Kontak **Annatjie Venter** indien jy by die verpleegsters se selgroep wil inskakel. Haar kontaknommer is 050 5330829
- Kontak **Manie** Villa 1 Straat 6, Alkhabisi. Kontaknommer is 050 813 5292 Tyd 19:00

Dinsdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Yolande Rass** in ***Arabian Ranches Al Reem 3, Villa 135, Straat 1.*** Kontakno 050 886 8053 Tyd 19:30

Woensdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18.** Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.

•Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

Abu Dhabi

- Kontak **Piet en Sandra Furstenburg,** Villa 58, Seashore Villas, Abu Dhabi (langs Spinneys by Mangrove Village). Kontaknommer vir Sandra is 050 734 4052 Tyd is 19:00

Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392